Beeld DIE BURGERVOLKSBLAD
Kuns en vormaak
Buite
Leefstyl
Vrydag
Naweek

t aan by ons blad op Facebook en gesels
Die webadres is
companies.to/beeld-dieburger-volksblad_kvl/

Kunskyk

Om die spoed van die wêreld se gang te vertraag...

Jacki McInnes skryf oor 'n videoprojeksie van die Belgiese kunstenaar David Claerbout.

Tydens 'n kunstenaarsverblyf verlede jaar in Brasilië het ek die geleentheid gehad om die 29ste Sao Paulo-biënnale te besoek. Daar was verskeie uitstaande werke, maar die een van veral uitgestaan het, is die Belgiese kunstenaar David Claerbout se *The Algiers' Sections of a Happy Moment* (2008).

Dié enkelkanaal-videoprojeksie wys 'n sekwens van meer as 600 foto's wat elkeen die presiese oomblik weergee.

Die toneel is 'n groep mense wat byeen is op die dakterras in 'n kasba iewers in Algerië.

'n Jong man hou 'n stukkie brood uit vir seemeeue wat bo die groepie sirkel.

Die toneel, saamgestel deur Claerbout, word afgeneem deur 600 kameras wat op die dak geïnstalleer is.

Vir die duur van die sekwens (38 minute) sien die kyker opeenvolgend beelde van 'n enkele oomblik – in nabyskote, afstandskote, van bo, van onder: elke denkbare hoek.

Die gevolg is 'n oorweldigende impak op die kyker.

Claerbout het die toneel in swart-en-wit geskiet en Algerië se natuurlike lig optimaal gebruik om die skoonheid van die oomblik mee te versterk.

Maar die trefkrag van *The Algiers' Sections of a Happy Moment* lê in die ongelooflike gevoel van ligtheid.

Verbeel jou jy kan 'n oomblik stil staan en tegelyk rondbeweeg in daardie oomblik om jou te verstom aan die kleinste onderdeel daarvan.

Die werk het geen besliste begin en geen einde nie. Dit omsluit die verlede, hede en toekoms en rek dié "gelukkige oomblik" vir ewig uit.

Claerbout sê die manier waarop die kunstenaar 'n persepsie van tyd konstrueer, fassineer hom. Dis dan juis die abstrakte eienskap van tyd wat dit onmoontlik maak om dit ten volle vas te vang.

Teenoor Claerbout se werk is dit die swaarte van lood wat

Teenoor Claerbout se werk is dit die swaarte van lood wat my eie werk tipeer. Ek glo nietemin daar is 'n konseptuele band tussen ons werk: Ons is albei begaan daaroor om die spoed te probeer vertraag waarteen die wêreld onvermydelik na 'n onseker en vreesaanjaende toekoms voortsnel.



'n Greep uit David Claerbout se *The Algiers' Sections of a Happy Moment* (2008).

Jacki McInnes se kuns was voorheen introspektief van aard, maar nadat sy vyf jaar gelede na Johannesburg verhuis het, het haar kunsbenadering aansienlik verander.

"My fokus het verskuif na dit wat ek om my sien, en veral die raakvlakke van die samelewing en sy politiek en hoe dit doelbewus of onopgemerk 'n uitwerking op die natuurlike omgewing het, interesseer my", sê McInnes.

Hoewel beeldhou 'n groot deel van haar werk uitmaak, is teken 'n belangrike onderdeel.

Sy vermy konvensionele metodes en media en gebruik juis materiaal oor die inherente metaforiese betekenis. So is plaatlood een van die materiale wat sy verkies.

"Ek hou van die gewig en die permanensie van lood as materiaal om mee te werk en ek dink dis die perfekte materiaal om iets mee weer te gee van die skade wat ons aan die planeet aanrig."